# COBUS CRONJÉ

**Datum:** **15 April 2011**
**Plek:** **Marion-Eiland**
**Vraagsteller (V):** **Dora Scott | Antarktiese Erfenis-projek | C•I•B | Stellenbosch Universiteit**
**Antwoordsteller (A):** **Cobus Cronjé | Senior Meteoroloog |Marion 67 |2010**

**V:** Goed. Gee my gou jou spannommer en die jaar?

**A:** Oukei, ek is op die 67ste oorwinterspan, tussen 2010 en 2011.

**V:** En wat het jy gedoen?

**A:** Ek was die senior meteorologiese waarnemer gewees, of metkassie, soos hulle ons noem.

**V:** En hoe't dit gekom dat jy aansoek gedoen het om hier op Marion te kom werk?

**A:** Deur die loop van my studies in geologie, wat ek tans nog steeds mee besig is, het ek te hore gekom van Marion-eiland en my neef, Ryan, wat nou weer terug is op die volgende span, het hier oorwinter en ek het ook so maar baie deur hom gehoor hoe dit hier is om te oorwinter. Maar ek het maar daarvan geleer op Universiteit en so aan.

**V:** Wat het jy geweet van die eiland voor jy gekom het?

**A:** Wel, geologies gesproke het ek geweet dis 'n vulkaniese eiland. Ek het gehoor daar gaan elke nou en dan spanne hiernatoe. Ek het nie eintlik presies geweet hoe dit werk nie. Ek het nie geweet of dit 'n *summer survey* is of hoe dit is nie.

**V:** Oukei. Nou beskryf 'n bietjie die spanvoorbereidings vir die jaar.

**A:** Van my kant af, of van ons ... net oor die algemeen; die program?

**V:** Oor die algemeen; ons sal nou-nou by jou ...

**A:** Oukei, eerstens waar die aansoeke ... Ek weet Susan begin al baie vroeg daarmee, en dit hang af – elke jaar is daar 'n verskillende aantal mense wat ... Soms word hulle oorval deur aansoeke in sekere programme; soms kry hulle niemand nie. Ek weet elke jaar sukkel hulle om 'n *medic* te kry; hulle sukkel om 'n spanleier te kry en ek dink ook die Weerdiens sukkel nou om kwaliteit mense in elk geval te kry. Wat spanvoorbereiding self betref, in Kaapstad, toe ons daar aankom, dit was maar sleg. Ek bedoel die spanleier doen wat hulle kan, maar ek dink hulle hulpbronne is baie beperk. En ek dink ook nie dis baie goed gestruktureer nie. Die grootste probleem, sou ek sê – en dit ís 'n probleem – is kommunikasie van die Kaapstad-kantoor af met die span, en die spanleier spesifiek. Want dis eintlik hoekom mense nie weet wat gaan aan nie. Dit is ... Die kommunikasie is baie sleg.

**V:** So bedoel jy nou in terme van ... net oor die algemeen, om seker te maak dat almal op dieselfde bladsy is?

**A:** Ja, presies. Wie woon waar in Kaapstad; wanneer kwalifiseer jy vir ... kom ons sê nou maar toelae vir verblyf; hoe ver moet jy van Kaapstad af woon; hoe laat ons in die oggende daar moet wees; die algemene struktuur van die spanopleiding self – daar's nooit baie konsekwentheid gewees nie; dit verander ook maar die heeltyd. En hulle sal byvoorbeeld – en hulle het dit met híérdie span ook gedoen – vir hulle, wanneer hulle reeds ín Kaapstad is, sê 'o, terloops, die laaste week moet julle julle eie ding doen', en dit is gewoonlik dan die Argus; dit was Paasnaweek toe ons daar was, het hulle vir ons twee dae voor dit gesê – toe ons toevallig gevra het, verstaan? So die groot probleem is nie dat daar nie eintlik hulpbronne is nie – dis nie so erg die probleem nie; dit gaan net oor kommunikasie. En dit is maar ... Andersins was dit baie pret. Dis lekker om saam met jou span te wees. Ek dink dis regtig belangrik dat *team training* nooit afgewater word nie. Dit doen verskriklik baie vir 'n span.

**V:** Wat presies het die *training* behels – die bietjie wat julle nou gehad het?

**A:** Goed, ons het dan ... Iets wat nou nie noodwendig baie betekenisvol was in terme van wat ons kon gebruik op die eiland nie, was die *cooking classes*; maar dit was baie pret gewees en dit het baie gedoen vir spanbou en spandinamiek – dit was twee dae wat ons net regtig kon lag en dinge saam doen. Dieselfde kan gesê word van die vuur-, die *fire fighting* – kyk, dit is ... Ek kan niks daarvan onthou nie, en hulle het ons nie regtig erg daaroor getoets nie, maar dis baie goed vir spanbou. Ek praat nou nie van die veiligheidsaspek daarvan nie – ek's seker hulle kan dit verbeter – maar wat spanbou-goeters betref was dit regtig pret gewees. Ek sou eintlik ... Dis jammer dat ons nie almal op dieselfde plek kon woon nie – en dit is dieselfde vir al die spanne – want 'n idee is om 'n kommune of 'n *backpackers* te huur, waar die span reeds dán moet saam begin kosmaak en ... Dit *sort* baie dinge net baie vinniger uit, dink ek. Maar ja, ek bedoel ... Dit was pret gewees. En dan't ons net gewone – jy kan jouself indink – vergadering na vergadering gehad, en dinge uitge*sort* en embleme gekies en ons *gear* gekry en gepak en so aan – ek bedoel, dis al die noodsaaklike dinge, maar wat die interessante spanbou-aktiwiteite was ... Solank mens net naby aan mekaar gewoon het, sou ek sê ... Maar goed, ek praat nou van die punt af.

**V:** Nee, nee; dis doodreg. Watter voorbereidings moes jy spesifiek doen vir metkassie?

**A:** Hoe dit werk is, omdat hulle maak gewoonlik staat daarop dat hulle Weerdiens-personeel, bestaande werkende Weerdiens-personeel, eilande toe stuur, maar eerstens, daar is nie genoeg in die land nie, en die wat daar is, wil nie noodwendig hierheen kom nie. Shadrag is byvoorbeeld een van die mense wat permanent eintlik vir die Weerdiens werk en nou net hiernatoe gekom het vir sy soveelste maal. Ons, wat gekontrakteer is net vir hierdie jaar, het twee maande opleiding gedoen beginnende Januarie. Ons het reeds salaris begin verdien, wat baie, baie gehelp het. Ons het elke dag 8 tot 5 opleiding gekry, want dis eintlik 'n jaarkursus wat ons half ... intensief in ons ingedril is en hoe ons dit gaan moet doen, in twee maande. Ons is getoets, op gereelde basis, en ons het bietjie praktiese opleiding gekry in

terme van die bolug en so aan. En dan die res van dit gebeur nou, by oorname, soos maar met die ander programme ook.

**V:** Oukei. En dink jy die voorbereiding wat julle gekry het, soos spesifiek nou vir die metkassie-*job*, het ...

**A:** Teoreties, absoluut. Ek sou sê daardie praktiese komponent sou bietjie beter ge- ... En ek het dit self reeds met hierdie nuwe span begin agterkom.

**V:** Die toepassing ... ?

**A:** Die toepassings – die fisiese vrylating van die ballon; die *maintenance* op die instrumente, en al daai tipe dinge – dit kan bietjie beter. Maar oukei, dit is nou ... Die onus val nou ... is op ons om seker te maak hulle weet presies hoe om hierdie dinge te doen.

**V:** Opleiding?

**A:** Ja, die fisiese aspek van alles. Maar teoreties, absoluut. Hulle is reg; hulle weet ... Hulle het alles wat hulle nodig het om hulle werk te doen.

**V:** Oukei, so hulle weet watse wolke is watse wolke ... ?

**A:** Korrek!

**V:** Oukei, dis reg. So julle is af met die Agulhas?

**A:** Ja.

**V:** En wie wat die kaptein?

**A:** Flip ... ek kan ... Ek weet nie wie nie; dis hoekom ek sê ‘Flip’.

**V:** Was dit dalk Freddie gewees?

**A:** Ek dink dit was. Ek dink dit was Freddie gewees. Dit was ‘n jongerige ou. Ek weet nie ... Ek kan regtig nie onthou nie. Jy weet, dis so oorweldigend vir ‘n nuwe span. Alles is so nuut en groot en fantasties en wonderlik, en die skip, en ... !

**V:** Ja, ek weet; dit is so. So wat het julle gedoen op die vaart?

**A:** Wel, dit was ... Ek het gesien die span begin al hoe meer saam met spesifieke mense tyd spandeer op die span waarmee jy ... Jy weet, omdat ons nou almal saam so in *close quarters* is, begin jy rêrig dáár al sien wie jou ... nie jou vriende nie, maar jy weet, jy kan klaar sien met wie jy nie omgee om lang, onongemaklike stiltes te deel nie – want op die skip raak mens maar verveeld, en jy kry maar jou mense saam met wie jy wil ... Die metkassies moes werk op die skip. Ons het ons gewone skofte gehad en ons het ook *buoys deploy* en ... Óns het nie bolugvaarte gedoen nie, maar ... ons sal maar sien.

**V:** Oukei. Gaan julle op die skip terug ook moet werk?

**A:** Ja, korrek; so ons gaan moet werk ... O ja, natuurlik, almal drink op die skip, so ... Speel bordspeletjies – dis wat ons baie gedoen het, so ...

**V:** Dink jy dit het ook gehelp om die span nader aanmekaar te bring.

**A:** O, absoluut; absoluut. Simpel klein dingetjies wat ‘n mens net nie aan sou dink nie, maar ja.

**V:** Nou wat is die eerste gedagtes toe jy op Marion ... Die skip is hier, jy is hier – wat het jy gedink?

**A:** Ek het alles gelyk gedink. Daar was soveel dinge wat jy kan ... Jy kan nie eintlik ... Jy’s sprakeloos, want waar ... wat sê jy? Weet, dis hierdie onbekende wildernis, wat deel is van jou land, maar wat meeste mense nog nooit eens gesien het nie. En ek sal jou dít sê wat jy dink: ek is nie voorbereid nie – dit is wat jy dink; dit is wat ek gedink het. Ek is nie reg hiervoor nie! Ek is nie voorbereid nie! Dit is wat ek gedink het.

**V:** En het jy gevind dat jy is, of ... het jy maar geleer om aan te pas?

**A:** Ja, ek dink niemand is 100% voorbereid nie, maak nie saak of hulle hier was of nie – jy kan nie wees nie.

**V:** Ja, dis waar.

**A:** Dis ‘n ander *ballgame*. Dis ‘n jaar! In ‘n baie onnatuurlike situasie, want, jy weet, mense raak ... Nou maar goed, ons sal daarby kom, ek is seker.

**V:** Ja. Het julle tyd saam met die vorige span deurgebring?

**A:** Ons het – baie positief gewees. Dit was baie pret. Dit was lekker om saam met hulle ... Natuurlik het jy die baie neerhalende gevoel soms gekry dat hulle dink ‘haai, foei tog; hulle is nog so naïef en ... ‘ Ek vind myself nou dieselfde doen! ‘Ah, hulle sal nog sien; ai!’ Veral as hulle geïrriteer raak oor ietsie kleins, dan dink jy ‘ag, weet jy; wag maar net! Jy gaan nog mak word!’

**V:** Het hulle enige stories of verhale – jy weet, sulke goed, dingetjies vir julle vertel oor die eiland? Oor hulle ervarings?

**A:** Hulle het; hulle het absoluut. Maar ek weet nie waarom dit was nie, en ek vind dis nou dieselfde weer, hulle is gereserveerd oor sekere dinge en hulle ... Dis asof hulle nie vir ons wou bederf nie. Weet, hulle wou nie noodwendig die slegte belig nie; hulle wou nie ... Hulle is ook maar versigtig, want hulle weet nie watse dinamiek óns gehad het nie en hulle sien ons ook maar net as hierdie nuwe span, maar eintlik is daar al klaar hierdie intriges ... En jy weet mos hoe is dit. Ek is seker hierdie nuwe span is vrot van sulke dinge, maar hulle wys dit nie vir ons nie.

**V:** Ja.

**A:** Jy hoor elke nou en dan iets, maar ... Ons is maar dieselfde, so ek dink al twee spanne is maar ... hulle is versigtig as dit by sulke goeters gekom het. Jy weet, hulle sal praat oor die

goeie dinge en die slegte dinge noem so nou en dan, maar hulle sal nie te veel uitbrei nie; jy moet nogal diep delf.

**V:** Oukei, ek sien. Goed, nou beskryf vir my ‘n dag in die lewe van die metkassie op Marion.

**A:** Oukei. Die ideale skof, dag, sal as volg verloop, op ‘n dagskof: jy sou vroeg opstaan – en ek bedoel dis lekker om 6 uur op te wees, of die son nou skyn of nie; sit in die *sealers* se kantoor en wag vir hulle om hier aan te kom, sodat jy ‘n koppie tee saam met hulle kan drink, want hulle is ook oggendmense soos jy; en kyk na jou e-posse, en dan, nadat jy ontbyt geëet het, gaan jy af Seepunt toe om oggendtemperatuur van die ... die *sea surface temperature* te meet.

**V:** Waar is dit?

**A:** Die ou punt; by die ou puntbasis.

**V:** O.

**A:** Jy gaan daarnatoe af met jou emmertjie vir die ... en ‘n termometer; vat die seetemperatuur; sit daar vir 10 minute op die rotse, want daar’s ‘n plank voor die rotse, waar jy net in absolute vrede kan kyk na al die diere wat om jou rond swem en ... dis eintlik wonderlik – dis my gunsteling tyd van die dag en die beste deel van my werk. Dan gaan *reset* jy van die termometers, ruil die reënwaterbeker om; en dan gaan vul jy nou al daardie data in en stuur die oggend-*obs*, wat 9 uur op Marion is. Elke keer ... Ons program begin outomaties 7 voor die uur in die dag. In die dagskof werk ons op die uur – elke keer ‘n *obs* en ons doen ‘n middagontplooiing van die ballon vir ‘n deursnit van die atmosfeer, vir die *forecasters*. En die aand is ‘n bietjie anders. Dan teen 6 uur, as dit al donker genoeg is, dan klok jy uit en jy gaan ruil die sonskyn-*chart* vir die volgende dag; dan is jy klaar met dagskof. Nagskof begin na ete. Die eerste *obs* is 9 uur die aand, dieselfde as in die oggend; dan eers 3 ure later; dan ‘n uur en ‘n half later, 01.30, doen jy ‘n *midnight deployment* van die ballon; en dan is dit weer, van 3 uur af tot 6 uur, op die uur; dan gaan jy bed toe. Uiteraard is die skof in twee gebreek, soos jy weet, so ... niemand wil 24 uur werk nie. Ons kan self besluit het hoe ons siklusse werk; ons kon, solank ons net die helfte soveel af het soos wat ons werk, so as ons ... Ons het 10 dae gewerk – 5 dae, 5 nagte – dan’t ons 5 dae af gehad. Dit het ons ook die geleentheid gegee om saam met die veldassistente uit te gaan. So die gemiddelde dag in ‘n metkassie se lewe op die eiland is eintlik ‘n moeilike ding om te antwoord, want ...

**V:** Want dit verskil, wissel maar ...

**A:** Ja, soos ek sê, wat skof betref, is dit altyd dieselfde, maar as jy op nagskof is, byvoorbeeld, kan jy tot 11 uur slaap, as jy wil, en dan vroeg opstaan en dan saam met een van die *birders* om ‘n *colony check* te doen of jy kan *seals* gaan weeg; terugkom, ‘n middagslapie vat – dan’s jy weer reg vir die aandskof. So ons het baie *flexibility*; ons is baie bevoorreg.

**V:** Daar’s drie van julle, so julle wissel mekaar af?

**A:** Absoluut. En te alle tye het een van ons af vir 5 dae, so ...

**V:** Oukei. Nou wat is die uitdagings verbonde daaraan om op so ‘n eiland te werk?

**A:** Wel, ek dink dis program-spesifiek, maar ek sal sê vir ‘n metkassie, vir ons *observers*, is dit roetine – dit is sieldodend. En as jy nie iets doen om dit vir jouself te verfraai nie, gaan jy van jou kop af raak. Dit is altyd dieselfde, dag in, dag uit. Tien dae werk, vyf af; tien dae werk, vyf af. Ek kla nie oor die 5 dae nie, maar ek sê vir jou, jy kom op ‘n punt waar jy net nie meer na die wolke wil kyk nie! Dis werk, nou vir ons persoonlik. Maar ek dink vir enige spanlid, oor die algemeen, is die uitdaging eerstens, jy gaan saam met ‘n spul mense wees in onnatuurlike situasies, soos ek voorheen gesê het – hulle sien jou op jou beste, hulle sien jou op jou slegste, en jy moet nog steeds die volgende oggend opstaan en saam met hulle die kombuis skoonmaak ... En jy gaan nie van almal hou nie – dit is nie moontlik nie. En dít is uitdagend sou ek sê, want jy kies nie hierdie span nie – dit word deur mense gekies wat nie noodwendig weet wat hier aangaan nie. Maar ek moet jou sê, dit kan moeilik wees, regtig. Die moeilikste deel is as jy nie met iemand oor die weg kom nie en jy moet net leer om saam met ... Want jy werk nie net saam met hulle nie, jy kan nie net sê ‘nou maar goed’ ... Dis nie dieselfde soos om in ‘n kantoor te wees saam met iemand waarvan jy nie hou nie. Jy werk saam met hulle en jy slaap saam met hulle en jy eet saam met hulle. Jy hou Kersfees saam met hulle. Dis alles; dis taai. So ... Dit was vir ons almal ‘n aanpassing gewees om met mekaar saam te lewe, nie net te bly nie – ons het saam met hom gelewe. Maar goed, dit was uitdagend. Ek dink vir enige spanlid.

**V:** Nou wat het die lewe hier die moeite werd gemaak?

**A:** Ah, die vrede wat hier is sou ek sê. Afgesien van al hierdie politiek en al hierdie negatiewe dinge wat ek dalk nou aangeraak het, is dit net die stilste plek. En weet jy, vir ‘n *observer* het ek ... ek het honderde sonsopkomste gesien, en sonsondergange, met ... in absolute stilte, met albatrosse wat oor jou vlieg en *seals* wat in die water baljaar en ... Jy kan net nie geld op so ‘n ervaring sit nie. Daai absolute vrede. Ek kan nie vir jou sê ... Jy weet, jy kan die koerant gaan lees in die oggende op die internet as jy wil, as jy dit verkies, en al hierdie dinge gebeur, maar dit affekteer jou net op geen manier nie. Ek dink dis wat alles die moeite werd maak; dis daardie vrede. En ek dis hoekom mense ook hierheen kom. Wel, dis hoekom ek hierheen gekom het, en dit was *worth it*; absoluut.

**V:** Hoe die spandinamiek gewerk?

**A:** Ons spandinamiek?!

**V:** Ja.

**A:** Ag, kom ek sê vir jou só: *there’s always one guy everyone loves to hate*. En ek sien dis op elke span so ... ! En daar’s die grapmakers en daar‘s die vredemakers en daar’s die

onminstokers; en almal van ons het ‘n rol, ‘n integrale rol, en dit het baie vinnig half in plek geval. Jy sal sien daar’s die *party animals*, en hulle is altyd die *party animals*. Dis eintlik vreemd – mense het half gemaklik in hulle rolle ingeval. Dit is ... seker omdat jy nie rêrig jouself kan verskans hierso nie. Ek bedoel, jy is wat jy is.

**V:** En mense moet nou maar ...

**A:** Ja. So ons spandinamiek was baie interessant. Ek sou sê ..., jy ken mos nou al bietjie al van ons interaksies. Ons is baie weerbarstige individualiste op hierdie span, en ek sê nie ons is uniek van vorige spanne nie, gewis nie, maar daar’s ‘n ... Dit dink ek het dit baie moeilik gemaak vir ons spanleier – wie ‘n *admirable job* gedoen het; ek kan jou dit nou sê, objektief, want hy het ons moerige bliksems almal bymekaar gehou op moeilike tye ... Toe konstruksie hier was ... Die *DCO* verwag verskriklik baie van die span ... Ek moet jou sê, daar’s bietjie ... Dis bietjie troebel vir wie mens werk soms. Ek dink hulle moet dit half nagaan ook weer.

**V:** Ja, wat die hiërargie is.

**A:** Maar met ‘n span soos hierdie, waar die meerderheid van ons baie geleerd is – ons is besig met nagraadse studies; ons ... En baie van ons is besig met hierdie nagraadse ding en dit is nie eers hoekom ons hier is nie – ons het hiernatoe gekom afgesien van enige studies waarmee ons nog ons bemoei in Suid-Afrika. So, dis mense wat geleerd is, sê nou maar die meerderheid van ons, wat individualisties is – wat gewoond is daaraan om hul eie ding te doen om te kom waar hulle kom in die lewe. En nou sit jy hulle almal bymekaar, van verskillende agtergronde, en dit was ... ! Dit was geweldig interessant, sou ek sê. Ek dink Simon kon soms net agtertoe lê en net na ons kyk en dink: ‘*Shit ...’*

**V:** Wat gebeur?

**A:** ‘ ... die mense’! So ja, ek dink ons spandinamiek was interessant gewees, maar mense het hulle kant gebring. Elke spanlid kan sê die meerderheid van die span het regtig hulle kant gebring. En baie geleer van spanwerk, want ek dink vir almal van ons was dit nogal ‘n eerste.

**V:** Ja, ek kan dit goed glo. Nou, dit was ‘n moeilike jaar vir julle gewees, want julle moes nou van die basis verskuif, en aanpas, en hier’s heeltyd besoekers en heeltyd mense ... Eerstens, hoe was dit om al daai konstruksiewerkers hier te hê?

**A:** Ek dink weereens was die probleem kommunikasie. Daar was baie persepsies van beide – en ek sê “faksies”, want dis toe nou presies wat dit op die einde was. Hulle persepsie van ons was ‘n baie spesifieke manier, en ons het dalk nie altyd baie positief oorgekom nie, want hulle het op ‘n tyd hier aangekom in die jaar wat ons almal geweldig besig is – die veldassistente was besig met *breeding seasons*; almal van hulle op hulle verskeie projekte. Dit was regtig ‘n nagmerrie. En hulle het regtig ... Ek dink ... Hulle het byvoorbeeld ons, wat net in ons kamers wou bly en net slaap die heeltyd, verkeerdelik geïnterpreteer as ons wat nie belangstel in hulle nie. En dit was regtig nie in die begin so nie. Maar hulle moes ... Kyk, hulle is anders as ‘n jaarspan. Ons het absolute vrede gehad tot Augustus, en toe skielik kom

hulle hier aan en hulle is positief en hulle werk hard; hou hard partytjie, hard werk. En ons het klaar daardie dinge gedoen. Ons het klaar hard partytjie en gewerk. Maar toe was dit regtig harde werk. En kommunikasie dink ek was baie sleg. Miskien was dit nie Simon se beste oomblik gewees altyd nie – ek bedoel, tussen hom en Adriaan en die konstruksiespan was daar nie die nodige kommunikasie nie. Ons wat 'n span is, wat wil weet hoekom ons iets doen, dis nie dat ons dit nie wil doen nie – sê net vir my hoekom; gee my 'n rede.

**V:** Hoekom jy eerder dít moet doen en nie jou werk nie ...

**A:** Ja, ek bedoel ... Of sê net vir my ... Want soos ek jou sê, Adriaan het byvoorbeeld vir ons gesê 'julle sal môre die *lab* skuif', en toe sê ons nee ... ! – 'nee, nee; ons sal nie'. Dit het nie gewerk nie, want Adriaan is nie die tipe persoon wat dit goed hanteer as mense teen hom praat nie. Hy's nie gewoond daaraan nie; ek dink eerlik nie hy's gewoond daaraan nie. Hy kon nie verstaan wat ons probleem was nie. Die probleem was net kommunikasie. Dis al wat ons wil hê. Gee ons ten minste net 'n verduideliking. En ek dink miskien het hy ... hy het ander verwagtinge gehad van hierdie span. Byvoorbeeld ... ek noem nou name, want ek bedoel, dis nou nie ... ek probeer nou nie mense inkrimineer of enigiets nie – ek bedoel, ek wil net jou vraag eerlik beantwoord. So daar was baie spanning, en ek dink 'n groot deel daarvan was van DEA se kant af en nie noodwendig van die konstruksiespan af nie, want ... Daar's bevele gegee; daar's nie gesprekke gehou nie. En dit het nie ... en dan is die bevele half "afgegooi". Dit het nie altyd goed afgegaan nie. Uiteraard het ons nie presies geweet wat vir ons voorlê toe ons hiernatoe gekom het nie, want ons het hard gewerk in terme van die basis skuif. Moenie 'n fout maak nie: elke faksie hierso het hard gewerk. Maar daar was baie van die jaarspan verwag. En ek dink ons was nie almal voorbereid daarop nie. Ons kon ons beplanning miskien beter gedoen het, sou ons dit geweet het. Ek dink nou veral aan die veldassistente. Die weerkantoor ... ons werk was op datum, maar omdat die veldassistente so besig was, het basispersoneel rêrig 'n *raw deal* gehad. En dit sluit Simon en Vincent en al daai mense. En hulle ... Simon het bitter sleg geslaap. Ek het hom gesê ... Hy het ... Dit was 'n baie stresvolle tyd vir hom. Hy moes ons gemotiveerd hou om te werk en hy moet die *DCO* gelukkig hou en hy moet *NDPW*-ouens ook nog *pacify*, so ... Maar ek haal my hoed af vir hom. Dit was 'n baie stresvolle tyd vir almal. So, ja. Ek hoop dit beantwoord jou vraag, soortvan.

**V:** Ja, ja. Maar kon julle tot 'n mindere of meerdere mate so half-en-half aangaan met julle roetine, of moes julle heeltemal dit verander om in te pas by die ... ?

**A:** Nee, dit was in totaliteit woes; ja. Dit het ook heeltemal ... Dit het ons eintlik 'n tyd gevat, toe die skip in November weer teruggaan, het dit ons regtig 'n ruk gevat net om weer ons *bearings* te kry en weer gewoond te raak aan mekaar, want ons het nie meer 'n spandinamiek gehad nie. Ons het ook twee spanlede verloor in Augustus, en ons het nog twee bygekry November ...

**V:** Ja, een in Augustus en een in November ...

**A:** Ja, *well*, ons het twee verloor in Augustus, en een bygekry; en toe't ons nog twee bygekry in November.

**V:** Ja.

**A:** So, jy weet, ons spandinamiek was regtig ... Jy't naderhand begin klou aan sekere mense, want dit was al wat *consistent* was in die jaar. Weet, ons *huddle*! Elke keer as die helikopter hier kom, dan bevind jy jouself angsbevange!

**V:** Ja, ek het dit gesien; ja.

**A:** Ons kon dit nie help nie. Dis regtig interessant – ek dink ons moet bestudeer word! Was daar maar videokameras hierso, dat hulle kon sien hoe ons maak, om *behavioural studies* te doen!

**V:** Dis soos 'n kudde ...

**A:** Ons moes weer gewoond raak aan mekaar en ... Ja, ons moes als weer so half van vooraf leer in hierdie kort tydjie.

**V:** En hoe was dit toe julle nou die basis moes skuif?

**A:** Wel, *labour intensive*; fisies harde werk. Maar ek dink dit het nie so erg gepla soos die houding wat ... of die manier wat ons hanteer was nie, verstaan? Dis nie ...

**V:** Ja; nee, nee ...

**A:** Dis een ding om arbeid te doen; dis een ding om soos 'n arbeider behandel te word. En ongelukkig kon die *DCO* nie altyd die verskil ... Ek dink nie hy't die *finesse* gehad om dit te doen nie, so ...

**V:** Nou goed. Nou wanneer julle nie vreeslik hard gewerk het nie, wat het julle gedoen vir ontspanning?

**A:** Ons, basis ... ? Ag, weet jy ... Vir ontspanning het ons *movies* gekyk. Maar wat ook al ... Dis nou die ding wat ons saam gedoen het. Ons het ... Tot en met Augustus was ons span verskriklik lief daarvoor om in die kombuis uit te hang, vir ure en ure: na ete, voor ete ...

**V:** Dis by die ou basis nou?

**A:** Ja. Ons het 'n groot tafel gehad – alles teen mekaar gestoot – en dit was ... Ons het verskriklik baie tyd in die kombuis spandeer. Ons het ... Mens sou dink mens sou baie bordspeletjies deur die jaar speel – ons het nie dit rêrig gedoen nie. Ons het net mekaar se geselskap geniet. Dit was regtig aangenaam. Ek ... Maar ure en dae. Dit het opgetel; jy kom dit nie eens agter nie. As ons ... Soms sou iemand net 'n *series* of 'n *movie* in die *lounge* opsit en jy sal net ... Mense kom en gaan; val op die bank neer; kyk ... Ons het uiteraard baie partytjies gehad in die begin. Jy weet, dit was geleenthede gewees; dit was nie net partytjies nie. Ag, ja; dit was ... Dis hoe ons ontspan het. Ons het kaart gespeel, maar die groot ding

was ... Ons span drink verskriklik baie tee en koffie, en miskien is dit hoekom, maar ons het verskriklik baie net mekaar se geselskap geniet.

**V:** Oukei. En hoe het die ... Julle het dit in die ou basis gedoen. Toe julle nou oorskuif, hoe het dit verander? Toe's dit nou ... Ek bedoel toe't daar nou 'n klomp mense bygekom, maar julle moes toe nou aanpas by 'n nuwe basis.

**A:** Ja, soos ek tereg voorheen gesê het, teen daai tyd was daar nou al gevestigde ou groepietjies – nie dat mens nie vriende is met ander nie, maar ons het almal in daai *trap* geval waar jy gemaklik begin raak het met sekere mense en jy't net gewoond geraak daaraan om tyd met hulle te spandeer en half die ander ... So dit het to mettertyd nou darem bietjie beter geword, want toe moet ... Toe's ons nou weer 'n span. Vir die eerste keer het ons nou nie meer ons klein ou groepetjies nie. En weet jy wat? Dit het regtig verander. Toe't ons geleidelik weer begin om goeters saam te doen. En dit was die geheim. Ons het weer alleen as 'n span om 'n tafel gesit en eet. Ons het saam kos gemaak. Ons het Kersfees saam gehad – wonderlik gewees. Ons het weer begin saam *movies* kyk. Ons het afkondigings gemaak. Ons het moeite gedoen. Omdat die basis so groot is ook, het ons regtig moeite gedoen en gesê 'hoor hier, kom ons gaan drink 'n koppie tee in die biblioteek – ons het soms selfs afkondigings gemaak; gesê: 'Daar word nou tee gedrink', want die plek is so groot.

**V:** Ja.

**A:** Maar geleidelik het ons weer begin om dieselfde dinge te doen wat ons in die begin gedoen het. Dit was baie lekker gewees, maar dit was net bietjie ... Dit was half ongemaklik. Dit was asof baie van die span weer vreemdelinge was, en ek praat nie eens van die nuwe mense nie. Dit het ons weer net 'n maand of wat gevat net om weer bietjie te integreer onder mekaar.

**V:** Mekaar weer gewoond te raak ...

**A:** Want ons het weer dieselfde ou dinge gedoen. Ons het baie keer in die braaikamer gesit, want daar's so 'n lieflike uitsig. Ons het saam gebraai. Maar weet jy wat was die verskil toe gewees? Die formele, afgekondigde, beplande partytjies was ver ... *few and far between*. Dit was die toevallige kuiers – gou 'n skemerkelkie, waar mense net gemaklik in en uit beweeg het en ... Dit het teruggekom en dit was wonderlik gewees. Ek moet jou sê, van November tot nou het ons regtig ... Ons is baie bevoorreg dat ons weer die geleentheid gehad het om alleen te kon wees, want dit was baie goed vir ons almal gewees.

**V:** En hoe was die *VIP voyage*?

**A:** Stresvol; dit was stresvol vir ons almal. Alles moes reg gewees het; alles moes mooi gewees het. Dit hoef nie noodwendig te "werk" nie; dit moes net skaflik gelyk het. Ag, ek bedoel, dit is mos maar so. Iemand belangrik kom kuier en jy wil hê die plek moet netjies lyk, al is die plek nooit netjies nie. Dis maar soos 'n mens kuiergaste kry, né? Dit was omtrent so gewees!

Weer was daar tendense gewees van mense *DEAT* wat so half ‘n wanpersepsie gehad het oor die rol van die span. Ek bedoel, dit was amper asof ons uniforms gegee is en gesê is ‘goed, julle kan nou hierdie gaan doen’; ‘julle sal nou hierdie doen’ – dit was half aanvaar dat ons hierdie dinge sou doen, en weet jy, op daardie stadium ek dink het ons almal net gevoel ja, wat ook al; kom ons kry dit net verby. Kom ons kry net hierdie ... ! Ek weet Simon het op ‘n stadium ons ook net gevra asseblief, gee tog samewerking; ons kan na die tyd *moan* hieroor. Asseblief, kom ons kry net die hele ding agter die rug. En weet jy wat? Aan die einde was dit toe heel lekker gewees. Ons het verskriklik lekker saam met die mediamense gekuier. Ons het ou vriende weer gesien. En ons het verskillende nuwe kennisse ... Dit was baie ... Dit was toe baie gemaklik. Ek weet nie hoe jou ervaring was van die hele ding nie, maar ...

**V:** Het julle enige instruksies oor goed wat julle moet sê en nie moet sê vir die media nie?

**A:** Hulle het vir ons net gesê hulle verwys ons terug na die reëls en regulasies in terme van dit. Maar ek moet jou sê, ek dink nie enigeen van ons sou teruggehou het as die media vir ons iets gevra het of wat ook al nie ... Nie dat hulle rêrig het nie. Dit het vir my gevoel asof óns die mense was wat bereid was om te praat; die media was nie bereid om die regte vrae te vra nie. Ek weet nie of húlle *gebrief* was nie. Ek dink as daar enige *censorship* was, was dit nie van óns kant af nie, want ek dink hulle sou dit in elk geval nie kon regkry nie!

**V:** Nee, waarskynlik nie.

**A:** Dit was ... Ja, oukei; goed. Maar ... Ons praat nou nie van persoonlike ervarings nie; ons praat nou net van die span in die algemeen, so ...

**V:** Ja, maar jy kan jou persoonlike ervarings ook gee.

**A:** Ja ... Nee, dit was maar net ‘n hoëdruk situasie, dis al. Dit was ... Vir almal. Ek bedoel, alles moes reg gewees het en ... Maar ek moet vir jou sê, dit maak ons *takeover* makliker – dis soos ‘n ... Nou’s alles reg!

**V:** Het jy baie geleentheid gehad om in die veld te kom?

**A:** Ek het. Ek het van dit gebruik gemaak. Ek sal graag meer wou gegaan het, as ek nou terugdink, in retrospek, maar weet jy, ek het ‘n groot gedeelte van die eiland regtig platgeloop en dit was vir my baie lekker gewees. En dis vir enige metkassie moontlik om dit te doen.

**V:** Ja, want ek bedoel ...

**A:** Ja, ons skofte is só gestruktureer, óns het beheer daaroor. En ek moet jou sê, Karabo en Andries, die ander twee waarnemers, het regtig ... Hulle was baie akkommoderend met my, en ons het regtig met mekaar moeite gedoen om ekstra skofte te werk as iemand ‘n bietjie langer wou uitbly of so. Ek bedoel, daar was nooit ‘n kwessie gewees van ... Al drie van ons was akkommoderend, en dit was regtig aangenaam gewees.

**V:** Oukei, dis goed. Was daar enige insident of gebeurtenis wat jy graag aan terugdink, of ‘n positiewe ervaring?

**A:** Positiewe ervaring? Goeters wat uitstaan, bedoel jy?

**V:** Ja.

**A:** Jô .... Toe ons hier aankom ... Vir my was die hele *takeover*, die eerste *takeover*, baie positief, want ons span het regtig hard gewerk van die begin af en dit was ‘n baie lekker tyd. Ons het baie aangename mense ontmoet, en ek moet jou sê, dieselfde geld ook vir al die oorname-periodes, wat die skip hierso was. En die Africana was ook hier gewees. En dit was baie goed vir ons, op hierdie manier, dat ons mense, nuwe gesigte, en nuwe vriende kon maak. Al daai – eerstens nou – dit staan uit. Dit was altyd stresvol op ‘n manier, maar dit was regtig lekker gewees. Vir my persoonlik, het ek nou die dag, net voor julle gekom het, het ek gekruip tot by twee albatrosse wat besig was om te *court*, en hulle het my ... Hulle vat so aan jou met hulle snawel, want hulle weet nie wat jy is nie. Hulle byt jou nie; hulle vat so aan jou en hulle gaan aan met hulle lieflike dansie – om jou, bo-oor jou voete. Dan kyk hulle so elke nou en dan wat jy is. Hulle is verskriklik nuuskierig. En ek was so naby aan hierdie voëls ... Hulle haal op jou asem; hulle kyk so vir jou ... Dit was ‘n ongelooflike ervaring. Dit was besig om te reën. Daar was ‘n reënboog in die agtergrond. Ek bedoel ... Ag, hoor hier ... Dit was net ... Dit was vir my ‘n mooi ervaring. Andersins, al die spangoeters wat ons saam gedoen het – Kersfees, baie pret; Nuwe Jaar ...

**V:** Wat het julle met Midwinter gedoen?

**A:** Ag, vaderland, ek kan nie eers onthou nie ... ! Ek dink ons het ‘n Midwinter-partytjie gehou in die ou basis nog. Gewoonlik ... Baie keer hou hulle Maid Marion op Midwinter. Ons Maid Marion was nou eers bietjie later gewees, in Januarie!

**V:** Hoe was dit?

**A:** Aah, ons het baie gedrink! Ons het verspot gelyk; totale gekke van onsself gemaak!

**V:** Dis altyd pret ...

**A:** En die mans het saam ... Ons was so opgewyn voordat ons ... terwyl ons reggemaak het. Ons het ons bene geskeer. Dit was die grootste pret gewees. En ons het ‘n *talent show* gehad ... Ag, hoor hier, die meisies het ons so goed behandel; hulle het ons aand net so spesiaal gemaak. Hulle het vir ons *punch* gemaak en alles mooi versier.

**V:** O, hulle het dit gereël en julle moes net *perform*?

**A:** Absoluut; al die musiek gereël. Hulle het vir ons ... Hulle het soos mans aangetrek – hulle hoef nie. Hulle het regtig moeite gedoen om dit vir ons regtig ‘n *cool* ding ... En dit was *fun*. Dit was net ... Dit was baie positiewe ervaring vir almal van ons.

**V:** O, en die Maid Marion? Wie’t toe nou gewen?

**A:** Ek het gewen! Ja, ek was Maid Marion!

**V:** Nou maar baie geluk!

**A:** Baie dankie! My naam was "Pearly Lustre"! Ag, ek het verspot gelyk. Die eerste en tweede prinsesse was Hugh en Tristan, die twee *sealers* ... !

**V:** Genade, ek moet nog êrens foto's te siene kry of iets.

**A:** O genade, ja.

**V:** Wat is die moeilikste tyd hier gewees? Of was dit maar ... ?

**A:** Die moeilikste tyd, enige tyd, is as jy slegte nuus kry van jou huis af en jy's absoluut magteloos om iets daaraan te doen. Dit is nie ... Ek dink vir almal van ons was dit ons grootste vrees, want mens het soveel ... Ek bedoel ... Ja, ek dink dit is moeilik. Ek praat nou nie eens van konstruksie en al daai goeters nie. Almal van ons ... Daar was konsensus in die begin, jy weet. Ons spanlid, Mia, se broer, byvoorbeeld, is oorlede net voor sy hierheen gekom het, en ek dink dit was haar 'n onbeskryflik moeilike jaar, maar sy het vir ons ... Sy't dit vir ons moontlik gemaak om haar te ondersteun. En ek dink hierdie was vir haar wonderlik. Ek dink nie sy's spyt sy't hiernatoe gekom nie, byvoorbeeld. Maar ek dink vir almal van ons sou dit moeilik wees as iets moes gebeur en jy kan nie daar wees nie; dis al.

**V:** Oukei ... Watse interessante dinge het julle van Suid-Afrika gehoor terwyl julle hier was? Of internasionale nuus ook?

**A:** Jissie ... Kom ek sê vir jou só: ons span, oor die algemeen, is baie belese in terme van elke dag. Daar was nooit iets wat gebeur het wat ons dae of weke of maande later van uitgevind het nie. Ek meen soms het ons die nuus gelees voordat ons families dit gelees het in Suid-Afrika en as ons vir hulle vrae vra daaroor, dan het hulle nog nie eers daarvan gehoor nie.

**V:** O, oukei.

**A:** So daar't 'n paar interessante dinge gebeur. Ek meen, *notably*, hierdie ... daai verskriklike ... Japan ...

**V:** Ja, die tsunami.

**A:** Ja. En dan was daar 'n paar vulkaniese uitbarstings waarvan ons gelees het – maar ek bedoel, dit was nou net my persoonlike ... Op die politieke grond, en veral die krisis in die Midde-Ooste wat so ... Dit was vir ons almal baie interessant om dit heeltemal van 'n geïsoleerde plek af te bekyk, ek moet sê. En natuurlik die Sokker Wêreldbeker ...

**V:** Ja, wat julle almal gemis het!

**A:** Wat ons gemis het, ja! So .. Dis jammer ons het dit gemis; almal van ons was nogal jammer daaroor.

**V:** Julle kan maar wees – dit was ongelooflik!

**A:** Regtig? Jissie! *Dammit*! Volgende keer! Ja.

**V:** Beskryf Marion.

**A:** Onherbergsaam. Wreed. Genadeloos. Geduldig. Eerlik. Mooi. Daarso. Ek kan dit nie anders sê nie. Want dit ís eerlik; dis 'n eerlike landskap. Alles wat hier is het geveg om hierso te wees, selfs die muise. Alles hierso is gehard. Dit is ... Dis eerlik. Daar's nie .. Ek kan nie ... Nes ons moes wees met mekaar en met onsself. Die plek is ... Ek sou sê dis 'n eerlike plek.

**V:** Sê my gou, die muise – vertel my van hulle.

**A:** Wel eerstens, hulle is verskriklik oulik! Ek praat nou nie van enigiets anders as dit nie. Hulle is verskriklik oulik. Hulle is *fightertjies*. Hulle het geswem om hier te wees van wrakke af. Hulle is ... Hulle *fight.* Maar moenie 'n fout maak nie. Ek het al amper 200 doodgemaak.

**V:** O, jy is mos die muis-koning ...

**A:** Ja, so ... Ons eerste maand het ek meer as 100 doodgemaak. Die realiteit ...

**V:** Is dit nou in hierdie basis, of ... ?

**A:** Ou basis. Hier binne het ek ophou tel. Ek weet nie ... Onlangs het hulle bietjie handuit begin raak. Dis nie lekker om hulle dood te maak nie. Ek bedoel, jy kry 'n sin van bevrediging as jy weet jy't een gevang, maar jy wil die ding nie laat ly nie. Ek bedoel, jy wil nie hê die ding moet spartel in sy *trap* nie. Mens moet ... Maar die realiteit is: hulle saai verwoesting. En ek praat nie van óns kos nie. Hulle vreet albatroskuikens lewendig op. Hulle vernietig die *invertebrates* op die eiland tot op die punt waar die *paddies*, die *sheath bills*, nie meer kos het nie. En hulle ... Ek bedoel, dit is regtig kommerwekkend. Die spesies van *flightless moths* wat so besig is om uitgewis te word, wat uniek is aan hierdie plek. En die muise doen net wat hulle doen – ek bedoel, hulle wil net oorleef. Maar dit is ons verantwoordelikheid. Dis ons skuld hulle is hier. En as jy hiernatoe wil kom, moet jy hard wees in daai sin. Jy móét die muise uitwis, soveel as wat jy kan. Want hulle moenie hierso wees nie, en ons moet ongelukkig nou die *balls* hê om te doen wat nodig is.

**V:** Want ja, hulle rig ...

**A:** Hulle is egter verskriklik oulik! En ek het ook die geleentheid gehad om saam met Greg en Matt, wat toe nou vroeër nou weg is uit ons span uit, om saam met hulle die muiswerk te doen, waar hulle *tag* en *release*. En die goedjies het persoonlikheid. Hulle is regtig *tenacious*, *fighters* ... Hulle is oulik!

**V:** Goed, is daar enigiets wat jy wil byvoeg?

**A:** Jy's welkom om my naam te gebruik in hierdie onderhoud as dit vir jou dit sal makliker maal, eerstens!

**V:** Baie dankie! Enige ervaring wat jy nog met ons wil deel, of ... insig wat jy intussen gekry het ... ?

**A:** Ja, dit is baie maklik om in slegte gewoontes in te val op Marion. En dit geld vir tydsverbruik ... Net jou brein besig hou, want dis so maklik om net te sê ag, ek gaan gou 'n dvd kyk, of ek gaan nou net hier lê, veral as jy basispersoneel is. Mens moet jouself letterlik forseer om vroeg op te staan, om werketiek te hê, want dit is ... Ek dink hierdie kan twee kante toe gaan: jy kan óf hier wegstap met ontsettende dissipline, óf jy kan in totale wanaanpassing teruggaan. Ek bedoel ... So, dit hang van elke spanlid, individu, af. En weet jy, mens kan dit ... In ons span is daar duidelike ... Jy kan sien wie het dit gedoen en wie het dit nie gedoen nie, en wie het dit laat besef en vroeër besef en ... ! Wel, dis al wat ek wil sê. En baie dankie, jy't dit vir my baie maklik gemaak om so lekker te gesels.

**V:** Dankie!